

W.9 WATERDUISENBLAAR/PARROT'S FEATHER

(*Myriophyllum aquaticum* (Vell.) Verdc.)

Familie: Haloragaceae

(Opgestel deur die Navorsingsinstituut vir Plantkunde, Pretoria)

Waterduisendblaar is 'n gewortelde waterplant met lang lote waarvan die liggroen punte sowat 0,2 tot 0,5 m bokant die wateroppervlak uitsteek. Die plante is in modderwalle en vlak water gewortel vanwaar dit uitsprei om digte massas stingels en wortels te vorm. Die veervormig verdeelde blare is in kranse van (3-4) 5 tot 6 gerangskik. Baie klein roomkleurige blomme word by die blaarbasisse op die boonste gedeeltes van die lote gedra. Slegs vroulike plante kom in suidelike en oostelike Afrika voor. Waterduisendblaar plant dus slegs vegetatief in hierdie gebiede voort. Hierdie vorm van voortplanting is baie doeltreffend en selfs baie klein stukkie van die plant kan regeneer mits dit ten minste een knoop bevat.

Verwante spesies


Ten minste twee *Myriophyllum*-spesies kom in suidelike Afrika voor naamlik *M. aquaticum*

(waterduisendblaar), inheems in Suid-Amerika en genaturaliseer in baie lande, en *M. spicatum* L., 'n spesie wat dwarsdeur die wêreld voorkom en hier natuurlik groei. Hierdie twee spesies kan maklik van mekaar onderskei word aangesien die groen blaarryke lote van *M. aquaticum* bokant die wateroppervlak uitsteek terwyl *M. spicatum* heeltemal onder die water groei, behalwe vir die blaarloze, blomdraende lote.

Verspreiding

Waterduisendblaar is voor 1919 na Suid-Afrika ingevoer en het sedertdien na al vier provinsies versprei. Dit word tans in baie damme en waterstrome veral in die suidwestelike en die oostelike Kaapprovinsie, Natal en die suidelike en





oostelike dele van Transvaal aangetref. Die spesie kom ook in Zimbabwe voor. Dit word nog algemeen in visdammetjies of in akwariums gevind en die mens is vir die plant se huidige wêreldwye verspreiding verantwoordelik. Plaaslik word dit deur vloedwaters, diere en as gevolg van watersportaktiwiteite versprei.

Ekologie

Dié spesie floreer in helder, besoedelde en selfs effense brakwater. Buitengewone hoë temperature en ryp kan die luglote affekteer maar maak nie die plante dood nie. Waterduisendblaar benodig voldoende sonlig en sterf terug in water met 'n hoë persentasie slik of besoedelende deeltjies of wanneer dit in die skaduwee van oewerplante groei. Die spesie, wat dikwels in digte, suiwer stande voorkom, is in staat om die vlak gedeeltes van die meeste waters in suidelike Afrika in te neem.

Belangrikheid

Waterduisendblaar kan stroomvloei belemmer, watertoevoer verstop, hengel en visteelt dwarsboom, in die skroewe van bote verstrik raak en selfs verdrinking van mens en dier veroorsaak. Dit verskaf ook broeiplekke vir muskiete en slakke wat siektes oordra. Die Randse Waterraad spandeer jaarliks duisende rande om hierdie spesie te beheer.

Wetgewing en beheer

Waterduisendblaar is dwarsdeur die Republiek van Suid-Afrika 'n verklaarde skadelike onkruid. (Proklamasie 252/1956 (Staatskoerant



2002/2 Nov. 1956) van die Wet op Onkruid No. 42 van 1937). Vir beheermaatreëls raadpleeg Steyn, Scott, Ashton & Vivier (1979).

Opmerking

Die genusnaam is afgelei van die Griekse woord *myrios* = duisend en *phyllon* = blaar; terwyl die spesienaam *aquaticum* die Latyn vir "lewe in water" is.

Spesienommer: 5834.000-00100

Literatuurverwysings

- JACOT GUILLARMOD, A. 1977. Some water weeds of the Eastern Cape Province. II. *Myriophyllum*. *East. Cape Nat.* 61: 14-17.
- JACOT GUILLARMOD, A. 1977. *Myriophyllum*, an increasing water weed menace for South Africa. *S. Afr. J. Sci.* 73: 89-90.
- JACOT GUILLARMOD, A. in STIRTON C.H. (ed.) 1978. Plant invaders - beautiful but dangerous. Cape Town: Dept. of Nature and Environmental Conservation of the Cape Provincial Administration.
- NORTJE, P. 1977. Duisendblaar. Cape Town: Tafelberg Press.
- SCULTHORPE, C.D. 1967. The biology of aquatic vascular plants. London: Edward Arnold.
- STEYN, D.J., SCOTT, W.E., ASHTON, P.J. & VIVIER, F.S. 1979. Guide to the use of herbicides on aquatic plants. Technical Report No. TR 95. Pretoria: Department of Water Affairs.